# Sokkerbesoekers sal genoeg kontant kan bekom

**THEUNS VAN DER WESTHUIZEN**
*Kaapstad*

Vrese dat Suid-Afrika dalk te min outomatiese tellermasjiene (OTM'e) naby stadions gaan hê om aanstaande jaar in sokkergeesdriftiges se kontantvraag te voorsien, is ongegrond.

Die land beskik nie net oor 'n groot genoeg netwerk van OTM'e om elke jaar in die hoogseisoen in die vraag van groot getalle vakansiegangers te voorsien nie, maar bykomende OTM'e gaan ook by sokkerstadions geïnstalleer word.

Boonop gebruik al hoe meer besoekers bankkaarte en al hoe minder kontant vir transaksies, volgens mnr. Stephan Claassen, Wes-Kaapse voorsitter van FNB – 'n amptelike nasionale ondersteuner van die Wêreldbekertoernooi.

**"Ons is glad nie bekommerd dat daar te min OTM'e gaan wees en beplan nie bykomende netwerke nie."**

Hy het gesê daar is tussen 20 000 en 25 000 OTM'e in die land, waarvan 5 414 FNB s'n is. "Ons het baie en ander groot banke het ook baie. Kleiner banke is besig om hul netwerke uit te brei."

Boonop is OTM'e nie die enigste plek waar mense deesdae kontant kan trek nie. Dit kan ook by betaalpunte in sekere groot winkels gedoen word.

"Ons is glad nie bekommerd dat daar te min OTM'e gaan wees nie en beplan nie bykomende netwerke nie. Ons gaan wel seker maak dat daar OTM'e by alle stadions is vir diegene wat dit dalk mag nodig kry.

"Die meeste mense reis deesdae met hul kredietkaarte en alle banke kan internasionale bankkaarte aanvaar."

Claassen meen die sekerheid by OTM'e het ook baie verbeter en aanvalle en rooftogte by dié bankgeriewe het baie afgeneem "Ons sekerheid is van wêreldgehalte."

Mnr. Marc Sternberg, bestuurende direkteur van Spark ATM Systems, 'n onafhanklike OTM-verskaffer, het gesê al hoe minder besoekers gebruik reisigerstjeks en daar kan dus verwag word dat besoekers baie kontant vir restaurante, hotels en vermaak sal nodig hê.

Die meeste besoekers gaan kom van lande waar OTM'e geredelik beskikbaar is. Wêreldwyd is daar sowat 1,5 miljoen OTM'e in gebruik en nuwes word daagliks geïnstalleer. In Suid-Afrika is daar egter 'n tekort aan OTM'e in en om die 2010-stadions.

Sternberg het gesê dit is sy doelwit om te sorg dat daar genoeg onafhanklike OTM'e vir die sokkerbesoekers sal wees.